Gal 5:22,23 **Deel 5 "Wees goed en vriendelik teenoor alle mense!"**
Lees 1 Sam 25:1-31 **Sing Ps 97:7 Berymde Totius Psalms.** **Vry.11 Sept. 2020**

Griekse woord en betekenis van vriendelik: "**Χρηστότης - chrēstotēs"** – om bruikbaar, goed, vriendelik te wees, om iets aan iemand te gee wat bruikbaar en nuttig is, om vriendelik, goedhartig teenoor mense op te tree.

Gal 5:22,23 "Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, **VRIENDELIKHEID,** goedhartigheid, getrouheid,nederigheid en selfbeheersing."

Wat beteken vriendelikheid? Ons dink onmiddellik aan iemand wat altyd vrolik is, aangenaam, 'n glimlag op die gesig, iemand in wie se geselskap jy graag wil wees. Maar die eintlike betekenis in die griekse taal gaan veel dieper as dit, dit is om bruikbaar te wees. Vriendelikheid beteken nie om altyd 'n glimlag op die gesig te hê nie, maar om goed te doen uit liefde vir ander mense.

Vriendelikheid is, om goed te doen vir ander mense is om vir ander mense iets te beteken, hulle belange op die hart te dra en eintlik uit jou pad te gaan om aan hulle goed te doen. Daar is mense wat nie altyd met glimlagte op hulle gesigte rondloop nie, wat selfs as bot kan voorkom, maar gaan kyk na hulle omgee en liefde vir ander. Dan is hulle uiters behulpsaam en vriendelik en nuttig.

Onvriendelikheid is, om liefdeloos, egoïsties en selfgesentreerd te lewe. Ja iemand kan selfs glimlag en vriendelik voorkom, maar hy is nie bruikbaar vir ander mense nie, hy gee nie om vir ander mense nie, so iemand is nutteloos.

'n Baie goeie voorbeeld uit die Skrif oor vriendelikheid gaan oor Dawid, Nabal en Abigail.
Gaan lees gerus weer **1 Samuel 25:1-31**.

Dawid was 'n vriendelike, hulpvaardige, regverdige man, hy het goed gedoen vir ander mense. Hy het die ryk, maar dwase Nabal se veewagters gehelp om sy vee teen diewe te beskerm. Dawid was hulpvaardig

Nabal was 'n egoïstiese, selfsugtige, ryk boer wat nie vir ander omgegee het nie. Toe Dawid eendag biejtie kos vir hom en sy manskappe laat vra, het Nabal bloot gesê, wie is Dawid? Toe Dawid vir hom goed was was hy bly, maar noudat hy iets uit dankbaarheid moet gee, is hy nors, ongeduldig en suinig.

Abigail sy pragtige vrou is egter vriendelik. Wat doen sy? Sy is bruikbaar en pleit by Dawid om Nabal se lewe te spaar. Sy voorkom doodslag en wraak. Daarna gee sy in oormaat kos en lekkernye vir Dawid.

God is egter die vriendelikste. God het aan ons net goed gedoen. Toe ons Hom bedroef het met ons sonde, het Hy sy Seun gestuur om vir ons te sterf. In sy liefde vergewe Hy ons. In sy liefde dra Hy ons. In sy liefde versorg Hy ons. Hy het selfs die Heilige Gees gegee om ons te lei en elke dag by ons te wees.

Daarom sing ons ook die pragtige Psalm 97:7 "**God's vriend'lik aangesig**, straal vrolikheid en lig deur duisternis en smarte vir alle opregte harte. Regverdiges wees bly! En sing 'n lied daarby! Verheug u in die HEER! Lofsing sy Naam tot eer, Hy's hoog en heilig, Hy!"

Amen (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)